

**Skriflesing:** Genesis 30:9-11; 49:13-19; Deuteronomium 33:20-21; 2 Korinthiërs 6:1-10

Teks: **Genesis 49: 19**

**Sing: Ps. 66:1,2; Ps. 40:6;Ps. 89:1,2; Sb.8:1,4,5 (Sb.5-3:1,4,5)**

Broeder en suster, ons kry die beeld in die Bybel, die lam en die leeu wat bymekaar sal lê.

Met hierdie gedagte begin ons vandag te kyk na wat Jakob oor hierdie seun van hom gesê het.

Ons het nou-al gesien by elke kind van Jakob is daar aangrypende perspektiewe wat na vore kom. Dinge wat die kinders gedoen het, maar ook die dinge wat oor die kinders gekom het.

Ja, Jakob doen dit alles vooruit, hy praat profeties tot in hulle vërste nageslagte.

Vandag kom ons by Gad – *Gad, 'n bende sal hom aanval, maar hy sal hulle aan die hakskeen byt...* Dit klink nogal na 'n rowwe mens, 'n woestaard, maar ons moet na hierdie Gad mooi kyk, want hier word eintlik pragtige dinge rondom hom vir ons oopgevou. Die lam, die leeu wat bymekaar moet kom.

\*\*\*

Soos Ragel gemaak het, so maak Lea ook nou. Weer wil Lea, Jakob se liefde wen. Lea het gehoop hoe meer kinders sy vir Jakob kan voortbring, dalk sal my man my dan liefkry. Sy gebruik nou ook 'n surrogaatma. Sy gee een van haar slavinne nl. Silpa vir Jakob as byvrou. So word die kind Gad dan by Silpa gebore. Dit is Lea wat die kind die naam gee. Die naam Gad hou verband met die betekenis van om verras te wees en gelukkig te wees. Die aspek van verrassing sou in die stam dikwels na vore kom. 'n Verrassing is tog iets wat jy nie verwag het nie, jy is verbaas, jy kon jou nie daarop voorberei nie. Lea het verder gehoop dat sy deur hierdie kind in haar doelwitte sal slaag. Die naam Gad dra in die Hebreeus óók die diepere betekenis van om hoopvol te wees. Die hele saak om in jou lewe hoop te hê, loop met die kind se naam saam.

\*\*\*

Lea se ideaal soos met die geboorte ook van haar ander seuns, is skeefgetrek. Sy koester verkeerde ideale. Soos sy dan nou ook weer soveel verwagtinge, soveel hoop aan hierdie kind ophang, dat die harde feite nie altyd kan saampraat nie. Gad was in sy lewe, en dit het Jakob ook besef, 'n vegter, 'n stryder. Dit sou in sy lewe nie altyd om ware hoop, ware lewensgeluk kon gaan, soos wat Lea met sy naam wou hoop nie. Lea praat van geluk, om te slaag, om te bly hoop maar Gad sou in werklikheid in sy lewe moes veg om te slaag. Hy moes in sy lewe stry en baie keer 'n harde stryd voer, om anderkant uit te kom. Hy moes kon stry, nie om te oorwin nie, maar om te kon oorleef. Daar was, om die uitdrukking te gebruik, staal in hulle pype. Harde manne, sterk en kragtig. So leer ons die Gadiete – stam. Ons leer hulle ken as die geslag van gespierdes. Tog het hulle hul krag tot voordeel van God en

medemens wou aanwend. Moses het kort voor sy dood oor die stam Gad die volgende gesê- Deut.33:20-21: *Geseënd is Hy wat vir Gad ruimte maak; hy gaan lê soos 'n leeuin en verskeur die arm, ja, die hoofskedel. 21 En hy het vir hom 'n eerstelingsaandeel uitgekies, want daar was die deel van 'n veldheer bewaar; en hy het gekom na die hoofde van die volk, hy het die geregtigheid van die HERE uitgevoer en sy verordeninge met Israel.* Die Here het hierdie rowwe stam in sy hart gedra. Wanneer ons sou praat van hy/sy is soos 'n ongeslypte diamant. Die stam het iets daarvan in hulle gehad...

\*\*\*

Ons kan maar kyk toe Israel die beloofde land Kanaän intrek, watter stam trek heel voor. Dit was die Gadiete, nie bang mense nie. Die volke wat Israel se intog wou keer, sou eerste met die manne te doen kry. Ons sien ook in Rigters 5 dat hulle was baie keer prominent in die oorloë. Deut. 33 wys verder op hulle vermoë om dapper te wees. 1 Kronieke 12:8, word hulle die dapper manne, die krygsmanne in Israel genoem. In die tyd van koning Dawid, Dawid die man van baie oorloë, dan kry Dawid nie uitgepraat oor hoe goed hierdie mense vir hom was nie. Werklik lojale soldate. Hy sê dat van die slegste soldate uit die stam, is een van hulle so goed soos honderd uit 'n ander stam en een van die bestes in hierdie stam, is so goed soos duisend in van die ander stamme. Dit is die tipe mense wat ons onder die Gadiete gekry het en hulle was werklik lojale mense. Dit was die stam wat vir Dawid deur al sy stryd, sy swaar en seerkry, deur dik en dun bygestaan het.

\*\*\*

Hulle woongebied was ook besonders. Hulle het nie aan die wesoeer van die Jordaan gaan bly nie, maar aan die oos oewer. Daar was nie vir hulle nie soiets soos 'n veilige woonplek nie. Sou die vyande inkom, dan is hulle eerste in die grote, wye vrugbare Gilead, daar waar die Gadiete gebly het. Daar het die Here vir hulle ruimte gemaak, maar hier was hulle ook van alle rigtings blootgestel. Die Edomiete, Hagareners, Jetir, Nafis, Nodab (vgl. 1 Kron. 5), Ammoniete, Moabiete, sou met elke aanval, eers Gilead moes inkom en verbykom. Gad se manne was altyd die eerste vesting, eerste linie wat oorrumpel moes word. Jakob het ook daarvan gepraat – *Gad – 'n bende oorval hom.* Die aspek van verrassing, dit wat Lea by sy naamgewing bedoel, dit het gebeur. Al was hulle baie keer deur die aanvalle verras en kon hulle nie werklik voorbereid wees op elke aanval nie, dan het hulle teruggeslaan, hulle het dan van agter af terug aangeval. Die vyand sou nog dink, hy is Gilead deur, dit is verby met hulle, dan is die Gadiete op hulle hakskene. Jakob het profeties vooruit gesê – *hy sal hulle aan die hakskene gryp.*

\*\*\*

En om hierdie dinge rondom die stam van Gad raak te sien, broeder en suster, moet ons ook besef wat verg dit van 'n mens om so te wees. Dit verg eintlik baie dinge en tog is dit die dinge wat ons baie keer geneig is om mis te kyk en verby te gaan, ons ag dit dalk te gewoon. Hulle was nie mense wat wou hoog vlieg nie, hulle het nie gekom met fyn beplanning en strategieë soos Dan se mense nie (Dan waarby ons verlede Sondag was). Gad was ook so anders as Naftali, (Naftali wat ons hopelik nog later by sal kom...) Naftali wat 'n oog gehad het vir die mooi dinge in die lewe, 'n verfyndheid wat in hulle manier van praat en selfs kunswerke baie mooi sou wees. Gad se mense sou baie keer die mooi dinge miskyk en tog het hulle een belangrike kenmerk gehad, wat ons vandag in hierdie preek moet uitlig en dit is die feit dat die stam van Gad was 'n stam vol van hoop. Dit is wonderlik om te sien hoe hulle hoopvol dinge begin het en dit dan deurgevoer het. Hulle was aangevuur deur hulle hoop, deur hulle moed, deur hulle dapperheid.

In Gadieteland, oftewel Gilead, was daar dikwels 'n monument van hoop ter sprake. In hierdie Gilead-streke kon Jakob moed vat toe hy die nag vir sy broer moet vlug, hy slaap op die harde grond, met sy kop op 'n klip maar hy mag droom van die hemel, 'n leer wat tot in die hemel strek, meer nog, engele beweeg teen die leer op en af, God staan bo Gilead verhewe, God staan aan die punt van die leer. Pniel waar Jakob jare na Bethel se gebeure met God sou worstel is ook in die gebied van Gadieteland. In sy worsteling met die Christus van God, die Man van God wat Jakob op sy heup sou slaan, hier sou Jakob aandring dat hy weer hoop wil ontvang, God moet hom seën.

\*\*\*

Met die intog in die land Kanaän het die Gadiete nie hulle moed verloor nie. Hulle wou altyd hoopvol vorentoe gaan. Een so 'n voorbeeld is die feit toe hulle eintlik half eenkant moet gaan bly. Nege en 'n half stamme bly wes van die Jordaan, hulle was een van die orige twee en 'n halwe stamme wat oos van die Jordaan moes bly. En toe doen die Gadiete 'n interessante ding – hulle bou aan die kant van hulle land Gilead, op die landsgrens, teen die Jordaan bou hulle 'n altaar. En daardie altaar sien hulle as hulle leer of hulle brug na hulle landgenote, maar eerstens is dit 'n brug na God toe. Deur hierdie altaar wou hulle sê ons bly nou wel oos van die Jordaan, ons is geografies geskei van hulle hier oorkant ons, die rivier is tussen ons, maar ons dien dieselfde God as julle hier anderkant. Godsdienstig wil ons nie apart wees nie, die altaar beteken ons wil nie van julle geskei wees nie. Met die altaar wil ons dieselfde God dien, soos my broeder en suster, die ander stamme, net hier aan die ander kant van die Jordaan, hulle in die groter gedeelte.

Hierdie tipe van dinge, hierdie gesindheid, hierdie hoopvolle geaardheid, het die stam gekenmerk, as dit waarmee ons vanoggend ook Nuwe Testament toe gegaan het. Paulus sê in 2 Korinthiërs 6 – *die wapens van die geregtigheid (hou hy) in die regter— en linkerhand* of soos dit ook vertaal kan word- ... *ons wapen vir aanval en verdediging, is om die wil van God te doen*....Ja en so sien ons die Gadiete ook, hulle was manne wat wapens nodig gehad het, hulle moes dit kon gebruik, vol moed, dapper en tog die grootste wapen dit wou hulle ook hê en dit het hulle gekry – ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen. En dit alles sê maar net een ding, geliefdes, om so te wees, om so te vertrou dat dit sal met my goed gaan, dit vra van jou net een ding en dit is die vraag, die appèl, by vandag se prediking – leef jy uit 'n lewende, oortuigde hoop. Glo ons werklik alles wat God sê, vertrou ons vir God, hoop ons voluit op God.

\*\*\*

As na ons eie harte kyk, word ons nog aangevuur deur hoop, of het ons begin om flou te word, dit wat die Hebreërs oorgekom het, hande wat slap word, verlamde knieë. Halfhartig, lou, soos die gemeente van Laodicea, wat Christus uit sy mond wou spuug, dit is 'n gesindheid wat God naar maak. Gilead, die Gadiete, hulle was die beeld van moed en krag en hoop. Hulle kon weer opstaan as hulle geval het – dit is tog ingesluit by wat Jakob sê – 'n bende sal Gad aanval, hy val teen die grond, Gad sou lyk hulle is oorrompel, maar dan staan hy op, hy haal sy vyand in, die vyand wat hom so hard geslaan, gryp hom aan die hakskeen.

Kom ons een ander saak nie vergeet nie – vroeër was dit in kerke se geskiedenis die gebruik, dat as kinders belydenis van hulle geloof afgelê het, dan het die gemeente by monde van die predikant of wie ook al vir die kinders gesê – welkom in die stryd. Ja, - kerk wees is baie keer 'n Gad-lewe. Daar is stryd, daar is oorlog, die kerklike frontlinies moet gedurig verdedig word, aanmekaar moet 'n mens hierdie stryd kan voer. Gad het gewys dit kan gedoen word, ons almal moet eintlik die woorde nog kan hoor – welkom in die stryd...

Sonder hoop kan 'n mens die stryd nie stry nie. En daarmee saam is dit net die wil van God wat ons mee moet werk. My wapen vir aanval en verdediging moet God se wil wees, ek moet God se wil, wil doen. God se wil en dit wat God deur hoop in 'n mens se lewe wil plaas. Dit bring ons by die punt om God se volle wapenrusting te wil aantrek. Ek is met die waarheid omgord, my skoene is die bereidheid om die evangelie te verkondig, my skild is die geloof,

die helm van verlossing is op my kop, die swaard is die swaard van die Gees, die Woord van God, dit alles moet ek kan aantrek, om werklik soos Gad van ouds weerstand te kan bied.

Dit alles deur baie stryd heen, want een van die groot strydvrage vir ons as gelowiges vandag nog is, wanneer moet die kerk soos 'n leeu wees en ook soos 'n lam wees. Die twee lyne loop dwarsdeur die Bybel. In Jesus kruis die lyne en dit aan die kruis. Dit is die Leeu uit die geslag van Juda wat aan die kruis hang, soos 'n lam geslag. Hy wat sê – DIT IS VOLBRING. Die leeu en die lam kom bymekaar, gaan lê bymekaar. Die Kerk van die Here moet 'n plek wees van liefde, sagmoedigheid, barmhartigheid, vrede en geduld, die kerk moet soos 'n skaaplam, hierdie wêreld kan ingaan en rondgaan. Dadelik besef ons maar die kerk moet ook soos 'n leeu wees. Kerke moet kan tande wys, moet kan aanval, moet werklik nie maar net rondstaan en terugstaan as daar hard en duidelik geveg moet word nie. Die geestelike stryd in die koninkryk van God het by die stam van Gad, vir ons duidelik uitgewys, u sal moet weet waar u staan. Is u bereid om te aanvaar, of teen te staan, dit wat ons bedreig. Hard en sag moet bymekaarkom lê, sover soos wat ons dit in ons lewens kan insien en inplaas. Al is ons as kerk se bestaan elke dag gewikkel in hierdie stryd van dit wat Lam is, maar tog ook in wat Leeu is. En al sal daar tye kom, wat dit moeilik is om te weet, moet ek wees leeu, moet ek wees, lam, moet net nooit wees, een wat nie meer bereid is om te hoop nie. Wees aangetrek met die volle wapenrusting van God en my wapen tot aanval en verdediging sal net één ding kan bly en dit is om God se wil te doen.

AMEN